Ontmoeting 21

DAWID

WORD GESALF AS KONING

Kyk gerus deur God se bril na jouself en na ander.

Teks: 1 Samuel 16: 1 – 13

Hulpmiddels:

- ⊗ Maatband
- ⊗ Twee deurskynende glase, deursigtige koeldrank, sodawater, koekkleursel
- ⊗ Twee blikkies kos wat dieselfde grootte is – die een hondekos en die ander ingemaakte vrugte, blikoopmaker
- ⊗ Moderne prente van Samuel, Isai, sy 7 seuns en Dawid
- ⊗ Viltbord, wasgoedlyn of muur en wondergom
- ⊗ Kopieë van die klein hartjies
- ⊗ Groot wit harte gevou soos koeverte
- ⊗ Kopieë van die krone
- ⊗ Pons, lint/tou/wol, kreatiewe versiermiddels, gom
- ⊗ Verskeidenheid pasta, gom, verf, kwaste, karton

WELKOM

- ❖ Ons gaan vandag 'n speletjie speel. Die speletjie is: "Wie is die grootste Christen hier tussen ons?" Laat die kinders in 'n ry staan en neem 'n sagte maatband. Meet nou elke kind se kop. Gee hulle mate vir hulle. Kondig nou aan wie die grootste Christen is na aanleiding van hulle kopmate. Kyk na hulle reaksie en vra: "Dink julle die grootste Christen kan so bepaal word? Goed, staan dan gou vir my van kort na lank…" Kondig dan aan dat die langste een die grootste Christen is. "Dink julle die grootste Christen kan so bepaal word? Wie is dan die grootste Christen? Hoe weet julle dit? Nee ons kan dit glad nie meet nie!"

- ❖ **Lekker koeldrank:** Neem 2 bekers met koeldrank: die een moet baie deursigtig wees en soos doodgewone water lyk, maar dit moet lekker sap of sprite wees. Die ander een moet heerlik lyk, maar dit moet baie bitter wees, soos byvoorbeeld soda-water met voedselkleursel. Vra vir 2 kinders om te kom proe. Gee die kinders 'n keuse van watter een hulle eerder wil proe. Voordat hulle proe, moet hulle vir die groep vertel hoekom hulle daardie bepaalde een kies. Kyk na hulle reaksie wanneer hulle dit proe. Was dit wat julle gedink het? Dit wat ons sien, is nie noodwendig wat dit is nie.

- ❖ **Blikkies kos:** *(Koop twee blikkies kos wat dieselfde grootte is. Die een moet iets smaakliks wees, byvoorbeeld ingemaakte vrugte en die ander iets totaal onsmaaklik soos hondekos. Haal vooraf versigtig die buitenste etikette af en ruil dit om.)* Kinders kies een om oop te maak. Hulle kan stem daaroor en daar kan ook gevra word hoekom hulle spesifiek vir die bepaalde een stem. Nadat jy dit oopgemaak het, vra wat hulle nou daarvan dink? Dit wat ons sien, is nie noodwendig wat dit is nie.

WYDING

Sing "Open the eyes of my heart"

Luister na "More than Gold" deur Britt Nicole (https://www.youtube.com/watch?v=p9PjrtcHJPo)

Sing die temalied en doen die stilword-ritueel.

WOORD

(Die aanbieder kry die prente reg. Dit is moderne weer-gawes van die oorsponklike beskrywings van Samuel, Isai, al Dawid se broers en van Dawid. Hang hulle reeds almal op 'n wasgoed draad, of plak dit teen 'n viltbord of 'n muur, BEHALWE vir Dawid. Terwyl die aanbieder die verhaal lees, kry die kinders die kans om te raai watter karakter die beste by die beskrywing pas.)

God het vir Samuel gevra om 'n nuwe koning te gaan salf. Dit beteken dat hy spesiale olie op die nuwe koning se kop moet sit om vir hom te wys hy gaan die koning wees. Sa-muel was 'n profeet. ***(Die kinders kies een van die prente.)***

God stuur vir Samuel na Isai toe, want hy het baie seuns. God sê vir Samuel dat Hy hom mooi sal wys watter een om te kies. ***(Die kinders kies 'n prent vir Isai.)***

Heel eerste kom die oudste seun met die naam Eliab; hy was lank en baie sterk. Samuel het gedink dit is die een. ***(Kies die prent.)*** **Hoe dink julle: Lyk hy soos die perfekte koning? God het nee gesê.**

Toe kom Abinadab. Hy was baie, baie slim. ***(Kies 'n prent.)*** **Dink julle hy is die koning? Nee, ook nie.**

Toe kom Samma. Hy was baie aantreklik. ***(Kies 'n prent.)*** **Hoe dink julle: Is hy die nuwe koning? Nee.**

So het daar nog 3 van die seuns verbygegaan en nie een was God se keuse nie. Ag nee! Nou was Samuel baie deurmekaar, want nou sien hy nie nog seuns nie.

Maar toe sê Isai hy het nog een seun. (Haal die prent van Dawid uit en plak dit op.) Hierdie seun was die jongste, maar hy is 'n klein outjie; hy is die onbelangrikste van al die seuns. Maar God sê vir Samuel om tog na hom ook te kyk.

Wat dink julle van hierdie seun? Lyk hy soos die perfekte koning? Wie dink julle was hy?

Sy naam was Dawid. God kies hom as Koning; nie die sterkste of slimste of mooiste nie, maar die perfekte een in God se oë.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. **Ek wonder hoe het Samuel gevoel toe hy deur al 7 van Isai se seuns gaan en God kies nie een nie.**
2. **Ek wonder wie sou jy gekies het as jy moet eerlik wees.**
3. **Ek wonder wat sien mense nie van jou raak nie.**
4. **Ek wonder waarna kyk jy as jy maats kies.**

Luister na "Shepherd Boy" van Ray Boltz (https://www.youtube.com/watch?v=mkNhPboI-5Y)

WERSKAF

- **Harte: Sny die twee harte uit, sit hulle bo-op mekaar en pons 'n gaatjie in die een hoekie. Druk nou 'n mooi lintjie/toutjie/ stukkie wol deur die twee gaatjies en maak die hartjies aanmekaar vas. Let daarop dat die een met die teksvers die onderste een moet wees. Die kinders kan rondom die teksvers kwaliteite van hulleself skryf wat ander nie raaksien nie. Versier die boonste hartjie mooi met enige interessante items.**
- **Maak koevertjies uit hartvorms: Sny vooraf vir elke kind die hartvorm uit wit papier en vou op die stippellyne sodat dit 'n koevert vorm. Maak die koeverte weer oop en draai die harte onderstebo. Die kinders skryf op die buitekant kenmerke neer wat ander van hulle sien. Aan die binnekant moet dit pragtig versier word met helder kleure. Die kinders kan hier**

neerskryf wat God van hulle sien. Vou die hart toe en plak vas waar die punte bymekaarkom om 'n koevert te vorm.

- Pasta mense: Gee vir elke kind 'n stuk papier en 'n potlood om mee te teken. Kinders moet nou hulself teken. Gee vir die groep gom en pasta. Die kinders plak die hele tekening vol pasta. (Verskillende vorms van pasta werk lekker.) Die pasta kan nou geverf word ook. Gebruik die tyd terwyl die kinders lekker werk om met hulle te gesels oor: "Wie het mense gemaak? Wie is die mense in ons storie vandag nou weer? Gesels oor hoe die karakters verskil het van mekaar. Gesels oor wat God raaksien as Hy na jou kyk en wat mense raaksien as hulle na jou kyk.
- Maak krone: Voorop staan "_____ (plek vir die kind se naam) is 'n Koningskind!" Agterop kan die groter kinders kwaliteite neerskryf wat ander nie altyd raak sien nie. Laat die kinders die krone mooi met blinkers versier. Daar kan selfs knope op geplak word.

Sluit af met die seënbede:

Laat die kinders in een lang ry staan. Trek 'n klein strepie op elkeen se voorkop met enige olie terwyl jy die seën uitspreek: "Mag God jou vandag seën; mag jy besef hoe kosbaar jy vir God is; jy is 'n Koningskind. God sal jou help om dit wat jou spesiaal maak, na buite uit te leef. Jy sal 'n lekker reuk, God se reuk, na buite uitstraal. God sal jou seën om ook die mooi in ander raak te sien!"

Almal sê nou agter die aanbieder aan: "EK IS MEER WERD AS GOUD; EK IS 'N KONINGSKIND!"













..... is 'n Koningskind!


..... is 'n Koningskind!